*South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation, 2011, 33(1): 99-108.*
*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2011, 33(1): 99-108.*
*ISBN: 0379-9069*

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE US-DAMESHOKKIEKLUB: 1903-1992

Hanri LAUBSCHER & Floris J.G. VAN DER MERWE
*Departement Sportwetenskap, Universiteit Stellenbosch,*
*Stellenbosch, Republiek van Suid-Afrika*

***ABSTRACT***

*What started as a social game on a farm in Stellenbosch developed into a sport in which both men (since 1901) and women (since 1903) participated. The purpose of this study was to document the origin, formation and development of Maties women's hockey. The club was founded in 1903 and all possible resources were used to reconstruct the activities of the club until 1992, before the men's and women's hockey clubs merged. The club had a lot of ups and downs through the years, but that did not dampen the members' enthusiasm for the sport. Between World Wars I and II all sport participation was suspended and from 1971-1992 South Africa could not participate internationally because of the political situation. This article focuses on the club activities, tours, achievements, hostel hockey and indoor hockey.*

**Key words:** Hockey; Stellenbosch; South Africa; Maties; Women's hockey club

## INLEIDING

Hokkie word reeds vanaf 4000 v.C. deur mans in Egipte beoefen (Van der Merwe, 1999). Vroeë variasies van die spel was *la soule* wat deur die Franse in die twaalfde eeu beoefen is (Craven, 1978: 178), *knappan* wat halfnaak gespeel is (Henderson, 1947: 87-98), *shinty* wat in Skotland tussen twee dorpe plaasgevind het (Calder, 1990: 7-8), asook *bandy* wat identies aan shinty was behalwe dat die stok verskil het (Henderson, 1947: 90). Daar word beweer dat die eerste "bal" 'n klip was en die eerste stok van hout of been gemaak is. Die moderne hokkiestok wat van hout gemaak word, is eers in die vroeë 1800's bekendgestel en het teen die 1980's verbeter na stokke wat van metaal gemaak word (Arlott, 1975: 485). Aan die einde van die 20$^{ste}$ eeu was daar drie tipes stokke, naamlik van hout, veselglas en aluminium (Connolly, 2005: 17).

Vroulike deelname aan hokkie is van die vroegste tye af gekritiseer. Soos die spel deur die jare ontwikkel het, het vroue wel die spel begin speel en in sommige lande was die vroue selfs meer suksesvol as die mans (Levinson & Christensen, 1996). Vrouehokkie het in verskeie lande vinnig ontwikkel en in 1930 is die Internasionale Federasie vir Vrouehokkieverenigings (IFWHA) gestig, waarvan Suid-Afrika 'n stigterslid is (*Standard Encyclopedia of South Africa*, 1972).

Met afrigting onder die damestudente wat by verskeie kolleges soos Oxford en Cambridge (Costa & Guthrie, 1994) asook by Vassar Kollege en Harvard Universiteit (Hickok, 1977) aangebied is, het die sport vinnig gewildheid verwerf en so ook na vroue in ander lande

versprei. Die uiteinde was dat die eerste vrouespan in 1980 aan die Olimpiese Spele in Moskou kon deelneem, wat die spel nóg meer stukrag gegee het (Wikipedia, 2009).

## PROBLEEMSTELLING

Alhoewel sport ’n baie belangrike deel van die Suid-Afrikaanse kultuur en spesifiek ook Stellenbosch s’n uitmaak, is dit kommerwekkend dat daar oor die algemeen so min gedoen word om belangrike dokumente te bewaar (RGN-sportondersoek, 1982). Die Universiteit Stellenbosch (US) poog in hierdie opsig om sy sportgeskiedenis sistematies te dokumenteer sodat dit vir die nageslag bewaar kan bly. Die geskiedenis van rugby (Craven & Jordaan, 1955; Craven 1980; Van der Merwe, 2007), atletiek (Van der Merwe, 1984), boks (Martheze, 1988), manshokkie (Calder, 1990), krieket (Stander, 2000) en koshuisrugby (Huys, 2008) is reeds nagevors en het ook ’n waardevolle bydrae tot hierdie studie gelewer.

In 1963 is daar vir die eerste keer ’n poging aangewend om die geskiedenis van die dameshokkieklub op Stellenbosch te dokumenteer (US-dameshokkieklub, 1963). Die resultaat was dat dié geskiedenis later daardie jaar in boekvorm aan die komitee voorgelê is. Hierdie “boek” het egter tydens die verskuiwing van die hokkiekantoor verlore geraak (Snyman, 2010). Die onderhawige studie ondervang dus daardie verlore geskiedenis.

Hierdie studie strek vanaf 1903, die jaar waarin die klub gestig is, tot 1992, die jaar waarin die mans- en dameshokkieklubs saamgesmelt het om een nuwe klub te vorm (US-dameshokkieklub, 1992-2002). Binne hierdie afbakening is aspekte soos die internasionale geskiedenis van die spel (ter inleiding) asook die geskiedenis van vrouehokkie in Suid-Afrika gedek. Ander afdelings dek die ontstaan van die US-dameshokkieklub, koshuishokkie, inter-universitêre toernooie, binnenshuise hokkie, algemene klubbedrywighede en toppresteerders van die dameshokkieklub.

## METODOLOGIE

Navorsing is volgens die histories-wetenskaplike metode gedoen en daarom is dit kwalitatief van aard. Groot klem is op primêre bronne gelê wat hoofsaaklik notules, bestuurdersverslae, voorsittersverslae, jaarverslae en onderhoude met oud-spelers was. Onder notules het dié van die klub, Sportkantoor en Raad- en Senaatsnotules van die Universiteit Stellenbosch getel.

Die Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels, Universiteitspublikasies, koerante, tydskrifte, boeke en ongepubliseerde dokumente is as sekondêre bronne gebruik. Dit sluit in publikasies soos *Die Stellenbosse Student*, die *Stellenbosch Students’ Quarterly*, die *Stellenbosch Universiteitsblad* en die *Stellenbosse Oud-student*.

Inligting van primêre bronne het voorkeur geniet omdat dit betroubaar en geldig is.

## BESPREKING

### Vrouehokkie in Suid-Afrika

Sover bekend het die eerste georganiseerde vrouehokkiewedstryd in 1899 in Kaapstad plaasgevind. Die gewildheid van die sport het vinnig onder die dames toegeneem, sodat die eerste vrouehokkieklub in die land alreeds in 1901 in Kaapstad tot stand gekom het. Die eerste provinsiale unie vir vroue, naamlik Westelike Provinsie, is daarna in 1907 gestig (Myburgh, 1981).

Op 21 Julie 1923 is die "All South African and Rhodesia Women's Hockey Association" (ASA & RWHA) gestig (Horwood & Goldhawk, 1978: 103). Die affiliasie van die Rhodesiese mans en dames is in 1976 beëindig, nadat Rhodesië onafhanklike Zimbabwe geword het (Donaldson, 2000). Dit het gelei tot die naamsverandering na "The South African Women's Hockey Association" (ASAWHA) (Horwood & Goldhawk, 1978: 103).

In 1926 het die eerste amptelike interprovinsiale vrouehokkietoernooi in Johannesburg plaasgevind. Die spanne van die mans en dames is deur die "South African University Men's Hockey Union" (SAUMHU) en die "South African University Women's Hockey Union" (SAUWHU) onderskeidelik beheer (*Standard Encyclopedia of South Africa*, 1972: 547-548). In 1980 was daar reeds 15 000 vroulike spelers, alhoewel nog geen internasionale kompetisies teen daardie tyd gespeel is nie (RGN-sportondersoek, 1982).

Die Suid-Afrikaanse Hokkievereniging (SAHV) is in Februarie 1979 gestig en het die oorkoepelende liggaam vir beide mans- en vrouehokkie in Suid-Afrika geword (Horwood & Goldhawk, 1978). Daar het baie toere na en van die buiteland plaasgevind, alhoewel die politieke situasie in Suid-Afrika dit later negatief beïnvloed het. Suid-Afrika het vanaf 1925 tot 1980 ongeveer 120 toerwedstryde oorsee en op eie bodem gespeel waarvan hulle 94 gewen het.

### Vroeë geskiedenis van die US-dameshokkieklub: 1903-1958

Alhoewel 'n mate van onsekerheid bestaan oor die presiese jaar waarin die US-dameshokkieklub gestig is, kan volstaan word met 1903 aangesien genoeg bewyse gevind is om dit te bevestig (Snyman, 2010). 'n Artikel in die *Stellenbosch Students' Quarterly* verwys pertinent na 1903 as die jaar waarin die klub gestig is (*Stellenbosch Students' Quarterly*, 1906a). Dit word ook bevestig in die Jaarverslag van 1992-2002 waarin die damesklub se stigtingsdatum as 1903 aangegee word (US-dameshokkieklub, 1992-2002). Daar is egter in 1962 verwys na die hokkieklub wat 60 jaar oud was en dat dit saam met die opening van die nuwe klubhuis gevier sou word (US-dameshokkieklub, 1962). Indien die klub wel 60 jaar oud was, dui dit daarop dat die klub in 1902 gestig is. Hier kon dalk 'n berekeningsfout ingesluip het.

Nie baie mense is daarvan bewus dat 'n dameshokkieklub in die vroeë 1900's op Stellenbosch bestaan het nie, maar die sport is nietemin met entoesiasme deur 'n handjievol dames beoefen (*Stellenbosch Students' Quarterly*, 1906a).

In die beginjare het Maties slegs een span gehad en boonop ook gesukkel om ’n gereelde afrigter te kry (*Stellenbosch Students’ Quarterly*, 1906b). Aangesien hokkie by die plaaslike meisieskole afgekeur is omdat hokkie as ’n onvroulike sport bestempel is, was daar min meisies wat werklik hokkie kon speel. Daar was ook ’n tekort aan velde en daarom moes die dames die mans se veld gebruik wanneer dit beskikbaar was (*Stellenbosch Universiteitsblad*, 1923).

Intervarsity tussen die Universiteite van Stellenbosch (Maties) en Kaapstad (Ikeys) is ’n belangrike jaarlikse gebeurtenis, maar weens onvoldoende notulering van die Intervarsity-gebeure het baie van die uitslae verlore gegaan (*Stellenbosch Students’ Quarterly*, 1920c).

Vroeër jare het Maties jaarliks die meeste van hulle wedstryde verloor en het hulle posisie in die liga tussen laaste en tweede laaste gewissel (*Stellenbosse Oud-Student*, 1940). Teen 1943 het Maties vier spanne gehad (*Matie*, 1943), maar tussen 1944 en 1946 het die ledetal met die helfte verminder en moes twee spanne geskrap word (*Stellenbosch Oud-Student*, 1946). Ten spyte van die gebrek aan voldoende velde, kleedkamers en afrigters wat die ontwikkeling van dameshokkie voor 1950 aan die US benadeel het, asook die dalende spelersgetal, het die Matiedames gemotiveerd gebly om hulle geliefde sport te beoefen (*Stellenbosch Student*, 1952).

In 1956 is ses spanne in die WP-liga ingeskryf en die sewende- en agstespanne het hulle eie liga gestig waar hulle teen tuisspanne kon meeding. Daardie jaar is daar ook ’n toer na die Skiereiland onderneem waarvan die Maties onoorwonne teruggekeer het. Maties het slegs drie wedstryde verloor en al hulle vriendskaplike wedstryde gewen. Teen 1957 het Maties sewe spanne in die onderskeie WP-ligas gehad en het Maties heelbo aan die puntelys geëindig. Daardie jaar het al ses spanne van Maties die Ikeys geklop (*Stellenbosse Student*, 1957). In 1958 was me. Shirley Grace Maties se eerste Springbokspeler (US-dameshokkieklub, 1958).

**Velde**

Die eerste speelterrein vir mans en dames was ’n ou krieketveld wat vanaf 1886 deur krieket-, rugby- en hokkiespelers op die sogenaamde Vlakteveld gebruik is. Hierdie veld was vir 25 jaar die enigste hokkieveld op Stellenbosch. Later, tussen 1910 en 1920, is ’n ou voetbalveld wat geleë was waar die JS Gericke biblioteek tans is, in ’n hokkieveld omskep. In 1928 is ’n nuwe veld bokant Dagbreek-koshuis aangelê (Universiteit van Stellenbosch, 1939).

Nadat die manshokkieklub in 1928 bogenoemde nuwe veld gekry het, is ’n veld vir die dames sewe jaar later (1935) langs daardie veld aangelê. In 1938 is ’n derde veld geskep en drie jaar later ’n vierde een.

In 1960 het twee van die velde in die slag gebly omdat dit vir die manskoshuis, Eendrag, moes plek maak (Lombard, 1960). In April 1962 is besluit om drie grasvelde en twee gruisvelde op die Coetzenburg-sportterrein aan te lê. ’n Jaar later is die klubhuis ook voltooi. In 1967 het die mans- en dameshokkieklubs gesamentlik agt velde gehad, waarvan die dames vyf gebruik het (Calder, 1990). Die gruisvelde is in 1978 met grasvelde vervang. Teen 1988

het die dameshokkieklub sewe grasvelde gehad, waarvan twee spreiligte gehad het, asook 'n binnenshuise baan in die DF Malan Gedenksentrum (*Matie*, 1988).

**Koshuishokkie**

Terwyl Dr Danie Craven onderwys gegee het aan St Andrew's College in Grahamstad het hy bekend geraak met die interhuiskompetisie wat jaarliks by die skool plaasgevind het. Kort na sy aanstelling as lektor op Stellenbosch in 1947 het hy dié stelsel ingevoer. Hy het dit koshuisrugby genoem. Dit was hoofsaaklik vir spelers wat nie plek in die boonste klubspanne kon haal nie en so het die fenomeen van koshuisrugby in 1949 begin. Die spelers het dit met groot entoesiasme aangedurf en wou net hul beste vir hulle onderskeie koshuise gee. Dit het tot 'n sterk band tussen die spelers en hul koshuise asook 'n verbetering in gees gelei. Hierdie gebeurtenisse het tot die begin van koshuissport aanleiding gegee (Huys, 2008).

Die koshuisliga vir hokkie het in die vroeë vyftigerjare (Wiid, 2010) begin deurdat Maties se vierde tot sesde spanne as 'n proefneming in die WP se tweede liga ingeskryf is (US-dameshokkieklub, 1958). Die jaar is afgeskop met 'n eerstejaarstoernooi, gevolg deur 'n interkoshuistoernooi (wat slegs een dag geduur het) en 'n interkoshuisliga (wat oor 'n paar maande gestrek het) (US-dameshokkieklub, 1964). Die jaar is met die Prestige-toernooi afgesluit en dit was ook die enigste toernooi waar klubspelers ook vir 'n koshuisspan kon speel (US-dameshokkieklub, 1976). Die deelnemende koshuise was Harmonie, Monica, Heemstede, Huis Ten Bosch, Huis van Niekerk (Sonop), Huis de Villiers, Lydia, Greylock, Minerva, Irene, Erica, Serruria, Nemesia, Huis Francie van Zijl, Nerina, PSO (Privaatstudente-organisasie) en die twee dameskoshuise van Boland Kollege, naamlik Rozenhof en Denneoord. Koshuise wat gedurende die jare goed vertoon het tydens die verskeie toernooie was Huis Francie van Zyl wat tussen 1962 en 1992 altesaam 10 toernooie gewen het en Nerina en Huis Ten Bosch wat elkeen vyf toernooie agter hul naam geskryf het. Ten opsigte van die koshuisligas wat tussen 1962 en 1992 plaasgevind het, het Heemstede agt ligas gewen, terwyl Denneoord en Lydia albei vyf verower het (Laubscher, 2010).

**Inter-universitêre toernooie**

Dames het vanaf 1948 aan die interuniversitêre toernooie begin deelneem, wat ook tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaanse Universitêre (SAU) hokkievereniging vir dames in 1949 gestig is (Myburgh 1981). Na afloop van elke toernooi is 'n gekombineerde SAU-span (Proteas) gekies wat uit die beste spelers van die deelnemende universiteite bestaan het (*Stellenbosse Student*, 1956). Vanaf 1952 tot 1991 het Stellenbosch 10 toernooie gewen, 10 keer die tweede plek behaal en drie keer derde geëindig. Die swakste jare was in die vroeë vyftiger- en sestigerjare. Meer as 100 Matiespelers het tussen 1950 en 1991 in die SAU-span gespeel (Laubscher, 2010).

**Binnenshuise hokkie**

Binnenshuise hokkie het in 1976 op Stellenbosch posgevat (*Matie*, 1977) en die eerste interprovinsiale toernooi is in 1981 in Kaapstad aangebied (*Stellenbosse Student*, 1981). In 1988 het die eerste SAU binnenshuise hokkietoernooi in Bloemfontein plaasgevind en Maties was die trotse wenners van dié toernooi (US-dameshokkieklub, 1988). Volgens beskikbare inligting het Maties die liga agt keer gewen, twee maal tweede gekom en vyf keer in die

derde plek geëindig. Die klub se aantal provinsiale spelers het jaarliks gegroei en daar was selfs 'n paar spelers wat kaptein of onderkaptein van die provinsiale span was.

**Klub- en ligabedrywighede: 1959-1992**

Vanweë 'n gebrek aan velde en swak organisasie het daar aanvanklik 'n negatiewe atmosfeer onder die spelers geheers (US-dameshokkieklub, 1959). Omstandighede het egter so verbeter dat die klub in 1965, 250 lede gehad het, wat dit daardie jaar die grootste hokkieklub in die land gemaak het (*Stellenbosse Student*, 1963).

Moeite is gedoen om spelers se vaardighede te verbeter deur verskeie beginnerskursusse en klinieke aan te bied (US-dameshokkieklub, 1969) en ook buiteafrigters soos me Cadell van Engeland (US-dameshokkieklub, 1973) en die Duitse klubafrigter, Willig (US-dameshokkieklub, 1978) wat waardevolle bydraes gelewer het.

Al die harde werk is beloon toe Maties in 1986 die Klub van die Jaar-toekenning ontvang het, nadat hulle ook as die nuwe Suid-Afrikaanse kampioen tydens die Allied-klubtoernooi gekroon is (*Matie*, 1986). Stellenbosch se vrouehokkieklub was vanaf 1988 tot 1992 (waar hierdie studie eindig) die nasionale klubkampioen (*Stellenbosse Student,* 1992).

## SAMEVATTING

Alhoewel 'n poging al in 1965 aangewend is om die geskiedenis van Maties dameshokkieklub te dokumenteer, het hierdie inligting egter verlore geraak. Die volle geskiedenis van die klub kom met hierdie studie vir die eerste keer tot sy reg. Die Maties het ten spyte van al die terugslae, soos byvoorbeeld 'n tekort aan spelers, velde en afrigters, nooit gaan lê nie.

Van die hoogtepunte van die klub was beslis 1983, toe Maties die Westelike Provinsie (WP) binnenshuise liga (US-dameshokkieklub, 1983) en WP-veldhokkieliga gewen het (US-dameshokkieklub, 1983). Maties het ook nege Springbokspelers soos Shirley du Toit (née Grace), Lauretta Maree (née Boshoff), Arlene Wiley (née Coates), Claire Nicholson, Rennie Rose-Innes (née Basson), Debbie Jordaan (née Cromhout), Annemarie Meyer, Sherylle Calder en Annalette Luttig opgelewer. Me Sherylle Calder het Suid-Afrika 10 keer tussen 1982 en 1992 verteenwoordig en was vanaf 1988 tot 1992 ook kaptein van dié span.

Die skolekamp het in 1982 'n jaarlikse instelling by die damesklub geword (US-dameshokkieklub, 1992) en verskeie toere en toernooie is ook deur die jare onderneem, soos Maties se toer na Rhodesië (vandag Zimbabwe) (US-dameshokkieklub, 1969), Namibië (US-dameshokkieklub, 1982) en Mosselbaai (*Matie*, 1984) om slegs 'n paar te noem.

Op 16 Oktober 1992 het die mans- en dameshokkieklub saamgesmelt (*Matie*, 1992) en sou dit voortaan as die US Hokkieklub bekend staan (US-dameshokkieklub, 1992).

**SUMMARY**

**The history of Maties Women's Hockey Club: 1903-1992**

What started as a social game on a farm in Stellenbosch developed into a sport in which both men (1901) and women (1903) participated. The purpose of this study was to document the origin, formation and development of Maties women's hockey. The club was founded in 1903 and all possible resources were used to reconstruct the activities of the club until 1992, before the men's and women's hockey clubs merged.

Since this study is sport-historically orientated, the historic-scientific method was implemented and preference was given to primary sources of information, such as minutes of the Maties women's hockey club, Sport Committee, Colours Committee, and hostel league. University publications such as the *Stellenbosch Students' Quarterly*, *Stellenbosse Oud-Student*, *Stellenbosse Student* and the *Stellenbosse Universiteitsblad* also proved to be of great value. Interviews with former players and coaches filled some of the gaps left by missing documents. Secondary sources of information included newspapers, internet and books.

A brief introduction focuses on the origin of the game and development of the game from ancient times. Attention was then given to the history of women's hockey specifically in South Africa and all the associations that were founded.

From 1903 to 1958 only secondary sources had to be relied upon owing to the loss of documents. Maties only had one team and there was no regular coach, nor were there enough fields. With a lot of determination and hard work the women's club started to become more competitive and also had a few provincial players. In 1958 one of the Matie players, Miss Shirley Grace, was selected for the South African team. She was the first of many.

The Maties women's hockey club also had a hostel league that started in the fifties and included a first-year tournament, an inter-hostel league, an inter-hostel tournament and a Prestige tournament to end each season every year. More than 17 hostels participated in the league. Heemstede won the most hostel leagues. Huis Francie van Zyl won the most tournaments between 1962 and 1992.

Indoor hockey started at Stellenbosch in 1976 and quickly grew into a very popular sport. Maties won the first South African Universities (SAU) Indoor hockey tournament in 1988. According to the available results Maties won the indoor league eight times until 1992 and also had a growing number of provincial players.

After the SAU Hockey Association for women was founded in 1949, the SAU tournament took place every year. The SAU team consisted of players from different universities all over South Africa. From 1952 to 1991 Maties won ten of the tournaments and had more than a 100 players in the SAU team between 1950 to 1991.

Some of the highlights from 1959 to 1992 included when Maties won the Western Province (WP) first league and WP indoor league in 1983, as well as receiving the Club of the Year

award in 1986 after winning the Allied club tournament. Maties were also the national club champions from 1988 to 1992.

On Friday 16 October 1992 the men's and women's hockey clubs merged and became known as the US Hockey Club.

**VERWYSINGS**

ARLOTT, J. (1975). *The Oxford companion to sports and games*. London: Oxford University Press.

ALPHALINK (g.d.). A history of hockey, Hyperlink [http://home.alphalink.com.au/hockeyv/history.htm]. Afgelaai 19 Junie 2009.

CALDER, S.L. (1990). Die geskiedenis van manshokkie op Stellenbosch. Ongepubliseerde M tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

CONNOLLY, H. (2005). *Field hockey: Rules, tips, strategy and safety*. New York, NY: The Rosen Publishing Group.

COSTA, D.M. & GUTHIRE, S.R. (1994). *Women and sport: Interdisciplinary perspectives*, Champaign, IL: Human Kinetics.

CRAVEN, D.H. (1978). Evolution of major games. Unpublished PhD dissertation. Stellenbosch: Stellenbosch University.

CRAVEN, D.H. (1980). *Die groot rugbygesin van die Maties*. Kaapstad: Galvin & Sales.

CRAVEN, D.H. & JORDAAN, P. (1955). *Met die Maties op die rugbyveld*, *1880-1955*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

DONALDSON, J. (2000). *A five-volume compendium, covering South African sport from the beginning to the end of the twentieth century.* Auckland Park: African SportZone.

HENDERSON, R.W. (1947). *Ball, bat and bishop. The origin of ball games*. New York, NY: Rockport Press.

HICKOK, R. (1977). *New encyclopaedia of sports*. New York, NY: McGraw-Hill.

HORWOOD, O. & GOLDHAWK, P. (1978). *A guide to South African sport*. Kaapstad: Polbrow Publications.

HUYS, I.F. (2008). A history of "Koshuisrugby" at Stellenbosch. Ongepubliseerde M tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

LAUBSCHER, H. (2010). Die geskiedenis van die US-dameshokkieklub: 1903-1992. Ongepubliseerde M tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

LEVINSON, D. & CHRISTENSEN, K. (1996). *Encyclopedia of world sport, from ancient times to the present*. Santa Barbara, CA: ABC-Clio.

LOMBARD, P.J. (1960). Nuwe manskoshuis. *Matieland*, 4(1): 23, April.

MARTHEZE, J.J. (1988). Universiteit van Stellenbosch Amateurboksklub: 1926-1983. Stellenbosch: outeur.

*MATIE, DIE* (1943). III(11): 4, 21 Mei.

*MATIE, DIE* (1977). XXXI(4): 15, 22 April.

*MATIE, DIE* (1984). XXXX(11): 23, 25 Oktober.

*MATIE, DIE (*1986). XLI(11): 20 September.

*MATIE, DIE* (1988). 11: 12, 24 November.

*MATIE, DIE* (1992). 5: 9, 15 Oktober.

MYBURGH, M.V. (1981). Die historiese ontstaan en ontwikkeling van vrouehokkie in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M tesis. Pretoria: Universiteit Pretoria.

RGN-SPORTONDERSOEK (1982). Sportgeskiedskrywing en -dokumentasie (nr. 15). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

SNYMAN, L. (2010). Persoonlike onderhoud, Onrus, 16 Februarie.

*STANDARD ENCYCLOPEDIA OF SOUTHERN AFRICA*, V (1972). Kaapstad: Nasou.

STANDER, G.B. (2000). Die geskiedenis van Matie-krieket, 1865-2000. Ongepubliseerde M tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

*STELLENBOSCH STUDENTS' QUARTERLY* (1906a). VII(2): 30, Junie.

*STELLENBOSCH STUDENTS' QUARTERLY* (1906b). VIII(3): 30, September.

*STELLENBOSCH STUDENTS' QUARTERLY* (1920c). XXI(3): 93, September.

*STELLENBOSCH UNIVERSITEITSBLAD* (1923). Mei.

*STELLENBOSSE OUD-STUDENT, DIE* (1940). Junie.

*STELLENBOSSE OUD-STUDENT, DIE* (1946). Augustus.

*STELLENBOSSE STUDENT, DIE* (1952). Jaarbladuitgawe.

*STELLENBOSSE STUDENT, DIE* (1956). Jaarbladuitgawe.

*STELLENBOSSE STUDENT, DIE* (1957). Jaarbladuitgawe.

*STELLENBOSSE STUDENT, DIE* (1963). Jaarbladuitgawe.

*STELLENBOSSE STUDENT, DIE* (1981). Jaarbladuitgawe.

*STELLENBOSSE STUDENT, DIE* (1992). Jaarbladuitgawe.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1958). Jaarverslag.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1959). Notule van komiteevergadering, 8 September.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1962). Notule van komiteevergadering, 28 Mei.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1963). Notule van komiteevergadering, 29 Mei.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1964). Notule van algemene jaarvergadering, g.d.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1969). Notule van komiteevergadering, 20 Maart.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1969). Jaarverslag.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1973). Notule van komiteevergadering, g.d.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1976). Notule van algemene jaarvergadering, 2 Maart.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1978). Notule van komiteevergadering, 21 Maart.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1982). Notule van komiteevergadering, 20 Oktober.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1983). Notule van komiteevergadering, 21 Februarie.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1983). Voorsittersverslag.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1988). Nuusbrief: Nr. 6, 1 Maart.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1992). Notule van algemene jaarvergadering, 16 Oktober.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1992). Jaarverslag.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1992-2002). Jaarverslag.

US-DAMESHOKKIEKLUB (1988). Nuusbrief: Nr. 6, 1 Maart.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH (1939). Studente Verteenwoordigende Raad. Intervarsity Soewenier.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1984). *Honderd jaar Matie-atletiek, 1885-1985*. Stellenbosch: Stellenbosch-Atletiekklub.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1999). *Sportgeskiedenis. 'n Handleiding vir Suid-Afrikaanse studente*. Stellenbosch: FJG Publikasies.

VAN DER MERWE, F.J.G. (2007). *Matieland is rugbyland, 1980-2006.* Stellenbosch: SUN Press.

WIID, B. (2010). Persoonlike onderhoud, Somerset-Wes, 13 April.

WIKIPEDIA (2009). History of field hockey. Hyperlink [http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_field_hockey]. Afgelaai 28 April 2009.

Me. Hanri Laubscher: Hoofstraat 14 A, Courtrai, Paarl 7646, Republiek van Suid-Afrika. Tel.: 082 210 8426, Faks: +27 (0)21 8632294, E-pos: hanri_laubscher@yahoo.com

*(Vakredakteur: Dr. C. Venter)*